**Bybelse inspirasie vir ons getroue vrywilliger, vennoot en vriend**
**Mei 2011 : Die Here wil in lewende verhouding met jou staan!**

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Hoe lyk jou verhouding met Jesus tans : uitgebrand of lowergroen met blomme?**

Die Helderberg natuurreservaat is een van die juwele van die Kaap waar jy diep kan asemhaal. Dis 'n spesiale plek waar God se handewerk sigbaar is en Sy stem hoorbaar is as jy net gaan stil raak! By elke besoek is 'n ander plant in blom en kan jy jou ure verlustig aan al die mooi! Maar op 16 April het verterende vlamme verwoesting gesaai en is 'n groot deel van die reservaat afgebrand. Om daar te gaan stap was 'n vreemde ervaring en foto links wys hoe groot dele afgebrand het. Die swart gebrande natuurskoon het aan my hart geruk maar my ook laat dink...




**Hierdie maand se inspirasie gaan oor hoe my verhouding met God tans lyk:** As jy so vinnig na die foto's kyk (wat alles op dieselfde dag geneem is) in verskeie dele van die reservaat moet jy jouself eerlik afvra in watter prentjie jy jou verhouding met ons hemelse Vader sien? **1. Die vaal, swart gebrande paadjie:** Is jy op die paadjie waar fynbos afgebrand is en alles dood en swart is en die doodse reuk van brand in die lug hang? Hier is ook 'n doodse stilte want daar is geen plantegroei wat voëls lok nie. Hier was heelwat kraaie wat in sirkels in die lug gevlieg het en ander wat op die swart vlaktes aan karkasse van klein diertjies en slange gevreet het. Is my lewe met die Here so? Dood en vrugteloos, dit was dalk anders en jy passievol vir die Here maar met die tyd het dinge verander? **2.Die swart paadjie oppad na die groen vrugbare deel:** Dalk is jy darem nie heeltemal deel van die gebrande prentjie nie maar "louwarm" is hoe die verhouding beskryf kan word met Jesus. Dit lyk ook nie of dit is wat die Here wil hê nie. Lees in **Openbaring 3:15-16 "Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg"** Sjoe mens wil eerder van die paadjie afklim lyk dit my!



**3.Die paadjie waar plante welig groei en blom:** Die gevoel van vreugde om te kon stap op 'n paadjie waar fynbos groei en proteas blom (soos altyd!) was onbeskryflik. Al die sintuie is skielik geprikkel - die klank van insekte en voëlsang, reuk van plante en bossies, die behoefte om sommer te vat aan sagte groen blare, die verskillende groene en mooi kleure van die plante en blomme. Ek besef dis die paadjie waarop die Here ons wil neem. Oorvloed is wat Jesus ons wil gee soos ons lees in **Johannes 10:10 "'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."**



Ek dink jy stem saam dat daar net een pad is wat ons wil en moet loop en ons gaan dit net regkry deur **Johannes 15:5 "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie."**



**Hy wil in 'n gesonde en vrugbare verhouding met jou staan . As jou lewensdoel is "to bring glory to God" soos Rick Warren so mooi vertel sal jy van die swart paadjie af bly want jy en al jou prioriteite sal tweede kom en God eerste. Geniet jou vrugdra met Hom en blom elke dag! Moenie verder op die pad van roet ploeter nie!**

**Dankie vir elkeen se insette in die Kaapse bediening; hetsy gebed, finansies, ondersteuning of omgee, ons waardeer dit ! Hou ons asb in jul gebede vir wysheid elke dag. Celeste Steinmann 082 322 5299**